Gebed nr. 3: BELYDENIS

(Die twee elemente van gebed wat reeds behandel is: Aanbidding en Lof)

1. Voltooi die sin: Om belydenis te doen beteken normaalweg dat ’n mens _____

_____

Lees: Daniël 9:1-19

2. As ’n mens na Daniël se gebed kyk, dan sê hy dat hy bely. Wat is dit wat hy doen wanneer hy bely?

_____

_____

3. Daniël praat in vers 4 met die Here oor iets wat Hy doen. Wat is dit wat die Here doen, en hoe beïnvloed dit Daniël se gebed?

_____

_____

4. Op watter manier kan ’n mens nog te werk gaan wanneer jy gesondig het, en wat is die gevolge daarvan? (Vgl. 1 Sam 15:20-23)

_____

_____

5. Hoe vergelyk dit wat Saul in 1 Samuel 15:13,24,25 sê, met Daniël se gebed in 9:5,6?

_____

_____

6. Hoe eerlik is ons met die Here oor dit wat ons verkeerd doen, en hoe spesifiek erken ons dit wat ons verkeerd gedoen het voor Hom?

_____

_____

7. Daniël doen belydenis op ’n manier wat gewoonlik in ons gebede ontbreek. Kyk onder andere na vers 8 en sê wat dit is.

_____

_____

8. Hoe dink jy sal jou gebedslewe verander na die bestudering van hierdie Skrifgedeeltes?

_____

_____

Aantekeninge by: Gebed nr. 3: Belydenis

1. Eie antwoord.
2. Hy erken wat hulle verkeerd gedoen het deur dit vir die Here te sê. Letterlik beteken ***bely*** om ***agterna te sê***. Dit wil sê wanneer ek my geloof bely, dan sê ek agter die Woord van die Here aan wat ek glo. Dit is immers so dat die Here in sy Woord vir ons leer wat ons van Hom en onsself moet glo. As ek my geloof bely, dan sê ek agter die Here aan dat ek glo wat Hy sê. Om my sonde te bely, beteken dan om agterna te sê wat ek verkeerd gedoen het.
3. Daniël praat met God oor sy getrouheid aan sy verbond met hulle vir wie Hy lief is. Terwyl God getrou is, is Daniël en sy volksgenote dit nie, en hulle geskiedenis laat dit duidelik blyk. Omdat Daniël besef dat hulle nie opgetree het soos wat pas by mense wat deur ŉ verbond aan God verbind is nie, erken Daniël hierdie verkeerde gedrag met ŉ belydenis.
4. Saul probeer eers om voor te gee dat alles reg is. Later probeer hy dit wat hy verkeerd gedoen het weg te steek deur iemand anders te beskuldig. Hy neem ook nie duidelik verantwoordelikheid nie, maar gebruik sy bangheid as verskoning. Omdat hy nie erken dat hy gesondig het nie, verwerp die Here hom. As iemand nie sy eie sonde wil bely nie, kan daar geen redding wees nie. Lees ook 1 Joh. 1:8-10.
5. Saul gaan ligtelik om met wat dit wat hy verkeerd gedoen het. Hy erken ook nie spesifiek wat hy teenoor God verkeerd gedoen het nie, maar sê bloot dat hy oortree het. Aan die ander kant het Daniël nie net eerlik erken wat verkeerd is nie, maar noem hy dit ook op die naam, en dit getuig van eerlike en berouvolle selfondersoek. Hierdie gesindheid kry ons nie by Saul nie.
6. Baie maal sê ons net aan die einde van ons gebed: "vergewe ons sondes om Christus ontwil." Dit is moeilik om iemand anders se hart te kyk, maar wanneer daar so eenvoudig met jou sonde omgegaan word, getuig dit gewoonlik van ŉ gebrek aan selfondersoek. Wanneer ŉ mens egter jou ontrou teenboor die Here duidelik op die naam noem, dan kom daar ŉ groter besef van God se getrouheid en ons ontrouheid. Daar is ŉ groot verskil tussen "vergewe my sonde" en "vergewe my dat ek vandag my humeur verloor het en vir Jan ŉ idioot genoem het, en ook dat ek na daardie vrou gekyk het en haar in my hart begeer het, en ek bely ook Here dat ek nie opgetree het toe U Naam misbruik is nie." Wanneer ons op hierdie manier eerlik is in ons belydenis teenoor die Here, word ons nie net meer bewus van ons sonde nie, maar lei dit ook daartoe dat ons groter weerstand bied teen die sonde (Vgl. Hebr 12:4).
7. Daniël neem in sy gebed nie net verantwoordelikheid vir sy eie sonde nie, maar ook vir díe van ander mense wat deel is van die volk. Ons sê maklik: "Ek steek nie my neus in iemand anders se sake nie." Ons is egter duidelik as gelowiges vir mekaar verantwoordelik, soos Gal 6:1 duidelik laat blyk.
8. Eie antwoord.